**Die tien gebooie – volmaakte wet van vryheid**

**Eks 20:1-17**

**12 Mei 2024**

1. Vantevore: Voorbereiding vir die koms van die Here: (1) Grens om die berg afbaken (2) Klere was (3) Weerhou van geslagsgemeenskap. Die Here het in vuur neergedaal – in heiligheid en heerlikheid – beskrywing van die Here se troon. Moses moes opnuut die volk waarsku.
2. Hoe die wet van die Here inpas in die struktuur van die boek Eksodus
    a. 3 Dele in Eksodus (soos in Heidelbergse Kategismus)
        - Ellende van die volk – Eks 1
        - Verlossing van die volk – Eks 2-19
        - Dankbaarheid oor die verlossing – Eks 20-40. Sluit in: (1) Gehoorsaamheid aan wet en (2) Aanbidding volgens tabernakeldiens
    b. Tyd van wetsaankondiging: Waarskynlik tussen Moses se derde en vierde besoek op die berg, terwyl hy by die volk was (Eks 19:25, 20:18, 19, 21)
3. Doel van die wet van die Here
    a. Volk en gelowiges moet volgens wet leef
    b. Doel van Christengelowige se lewe: (1) God verheerlik (1 Kor 10:31), (2) God geniet (Ps 73:25-26), (3) Christusgelykvormig wees (Rom 8:29)
    c. Realiteit: Volk verheerlik God nie, geniet Hom nie – is nie Christusgelykvormig nie
    d. Lev 19:2 – Wees heilig, want die Here is heilig (vgl Eks 3:14, Eks 19:6)
    e. Wet is beskrywing van God se karakter (vgl Rom 7:12)
    f. Wetsonderhouding maak dat gelowiges God se beeld vertoon (vgl Gen 1:27)
    g. Beperk die wet gelowiges se vryheid? (vgl Gal 5:1)
        - Die wet is sagte juk (Mat 11:28-30)
        - Die wet is nie swaar las nie (1 Joh 5:3)
        - Die wet is volmaakte wet van vryheid (Jak 1:23-25)
        - Vergelyk: Adam en Eva in paradys / wetsgehoorsame landsburgers
    h. Vryheid van gelowiges:
        - Vry van wetsonderhouding om verlossing te ontvang
        - Vry van sondeskuld en die straf daarvoor
        - Vry om heilig te wees (vgl Ps 119:45, 97)
4. Die twee tafels van die wet van die Here
    a. Eks 34:28, Deut 4:13 – Wet bestaan uit 10 gebooie
    b. Eks 34:1 – Op twee kliptafels geskryf
    c. Mat 22:37-39 – Wet bestaan uit 2 dele: Liefde tot God, liefde tot naaste
    d. Die volledige wet is waarskynlik op beide kliptafels geskryf – een kopie vir God, een kopie vir die volk
    e. Beide kopieë in verbondsark geplaas (Heb 9:4) – die Here neem verantwoordelikheid dat volk gehoorsaam sal wees
    f. Werk van Christus – bewerk geregtigheid, bewaar gelowiges tydens oordeel vlgs wet
    g. Werk van Heilige Gees – bewerk heiligheid, sorg dat gelowiges gehoorsaam leef (Jer 31:31-33, Eseg 36:27)
5. Implikasies
    a. Wet is nie in Nuwe Testament opgehef nie (vgl Gal 6:2, Mat 5:18)
    b. Wetsgehoorsaamheid is nie voorwaarde vir redding nie
    c. Wetsgehoorsaamheid maak gelowige vry om God se doel met hom te bereik